

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA	DATUM 2017/12/11		DATUM 2017/12/08		+ - WEEK GELEDE 2017/12/04		BY DIE GELD PUT OPSIE			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ	Δ%	JULIE '18 TERMYNPRYS	WM	YM	
DJIA-index	24585	76.63	0.3%	24509	1.2%	24290	PUT TREFPRYS	R 2 026.00	R 2 099.00	
Goud (Spot)	1257.85	14.19	1.1%	1243.66	-1.4%	1275.88	PUT PREMIE	R 182.93	R 179.83	
Brent \$/vat	62.77	-1.02	-1.6%	63.79	0.2%	62.64	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 837.07	R 1 920.17	
1 € / US\$	1.1822	0.006	0.5%	1.1758	-0.4%	1.1868				
1 US\$ / ZAR	13.45	-0.190	-1.4%	13.64	-0.3%	13.49				
Corn	R 1 779.11	20	-1.1%	R 1 798.88			*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day			
Wheat	R 1 917.46	2	-0.1%	R 1 919.75			*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day			
Soybeans	R 4 788.76	48	-1.0%	R 4 836.57			*CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
Corn Des 17	336.00	1.00	0.3%	335.00	-2%	344.00	32	WM	YM	TM
Wheat Des 17	392.00	5.00	1.3%	387.00	-5%	414.00	WEEK TOTAAL	5 679	42 922	48 601
Soybeans Jan 18	979.00	4.00	0.4%	975.00	-2%	994.00	JTD TOTAAL	540 097	1 160 427	1 700 524
PLAASLIKE MARKINLIGTING							UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
SORGHUM Mar '18	2850.00	0.00	0.0%	2850.00	8.8%	2620.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	22%	63%	39%
WMAZ Spot	1869.00	7.00	0.4%	1862.00	-0.8%	1884.00	TEMPO/WEEK BENODIG	97 995	34 479	132 474
WMAZ Mar 18	1918.00	6.00	0.3%	1912.00	-1.2%	1941.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Jul 18	2026.00	6.00	0.3%	2020.00	-0.9%	2045.00	WEEK TOTAAL	6 442	4 339	10 781
YMAZ Spot	1972.00	16.00	0.8%	1956.00	-1.3%	1998.00	JTD TOTAAL	9 519 053	6 404 430	15 923 483
YMAZ Mar 18	2026.00	18.00	0.9%	2008.00	-1.3%	2053.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
YMAZ Jul 18	2099.00	14.00	0.7%	2085.00	-1.7%	2136.00	% GELEWER VAN OES	99%	99%	99%
SOY Spot	4904.00	4.00	0.1%	4900.00	0.2%	4895.00	TEMPO/WEEK BENODIG	6 185	2 341	8 526
SOY May 18	5065.00	8.00	0.2%	5057.00	-0.6%	5095.00	KORING INVOERE			
SUN Spot	4548.00	83.00	1.9%	4465.00	3.3%	4403.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM	
SUN Mar 18	4624.00	66.00	1.4%	4558.00	1.9%	4539.00	WEEK TOTAAL	1 724	-	23 489
WHEAT Spot	3951.00	-15.00	-0.4%	3966.00	-2.8%	4063.00	JTD TOTAAL	577 580	79 213	359 265
WHEAT Mar 18	4071.00	-12.00	-0.3%	4083.00	-2.6%	4180.00	TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 568 763
WHEAT May 18	4127.00	-11.00	-0.3%	4138.00	-3.5%	4218.00	JTD AS % VAN BENODIG	29%	8.5%	23%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Mark oorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.45/\$ en het heelwat versterk vanaf die R13.64/\$ waarteen dit gister middag met marksluting verhandel het. Die rand het goeie ondersteuning gevind deur 'n reeks faktore wat insluit die dollar wat effens op die agtervoet was gister asook die positiewe uitspraak van die Noor d Gautengse Hooggeregshof teenoor die president en die staatskapingverslag. Die regter het gister beslis dat die aanbevelings wat deur die voormalige Openbare Beskermer gedoen is rakende die staatskaping verslag nagekom moet word en dat die president 'n kommissie van ondersoek binne 30 dae moet aanstel. Ander plaaslike ekonomiese nuus wat gister bekend gemaak was en positief was is die Nove mber verbruikersprys inflasie wat verlangsam het na 4.6% jaar op jaar teenoor die 4.8% in Oktober. Die kleinhandelverkope syfers vir Oktober wat ook gister bekend gemaak was het getoon dat dit ge groei het met 3.2% gedurende Oktober. Alhoewel dit laer as baie verwagtinge was en ook laer as die vorige maand se syfer is die groei syfer steeds positief en dra dit by tot positiewe ekono miese aktiwiteit in die 4de kwartaal tot dusver.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel vir die dag. Beide die Desember 17 en Maart 18 kontrakte het effens hoër gesluit vir die dag. Die etanol produksie verlede week het met ongeveer 20 000 vate per dag gedaal maar die totale uitset is steeds teen redelike hoë vlakke met die totale produksie wat groot vlakke bereik het die laaste paar weke. Die vraag na etanol is ook steeds hoog te midde van die hoë produksies en die etanol voorraadvlakke het algemeen verlede week. Da ar is egter steeds baie analiste wat van mening is dat die geskatte hoeveelheid mielies wat vir etanol produksie gebruik sal word die seisoen tans te laag is. **Plaaslik:** Die verhandeling in die plaaslike mark het gister meestal teen 'n stadige tempo plaasgevind en daar was nie groot bewegings wat in die mark gesien was nie. Die witmielie mark het gister effens hoë tot byna onveranderd gesluit terwyl die geelmielie mark meer ondersteuning gevind het vir die dag. In gister se weeklikse SAGIS produsente lewerings verslag was die weeklikse produsente lewerings van witmielies op 6 442 ton gerapporteer terwyl die weeklikse lewerings van geelmielies op 4 339 ton gerapporteer was. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 16 094 000 ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister effens sterker verhandel en daar was heelwat aankope vir die dag in die mark gesien. Beide die Januarie en Maart kontrakte het effens sterker gesluit vir die dag. Die weerstoestande in Argentinië is steeds een van die faktore wat die handelaars sal dophou en die weerstoestande in die volgende paar weke gaan daar baie kritiek wees en dit sal 'n groot bydra maak tot die produksietoestande daar. Die mark behoort ook daar baie volatiel te wees totdat daar meer sekerheid is oor die potensiele opbrengs en produksie vir die seisoen. Die USDA het in die nuutste WASDE verslag die Argentynse en Brasiliaanse produksie vir die seisoen onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister effens sterker verhandel, maar daar was nie groot bewegings in die mark getoon nie. Die sonneblom mark het gister egter goeie ondersteuning gevind en het sk erp hoër verhandel vir die dag.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister die tendens van die afgelope 7 dae gebreek en daar was heelwat aankope in die mark gesien wat ondersteuning aan die mark gebied het. Al drie die Amerikaanse koringmarkte het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel met die sagte rooi winter koring wat klein toenames vir die dag getoon het terwyl die harde rooi winterkoring en lentekoring mark meer ondersteuning gehad het. Die verwagtinge vir die weeklikse uitvoerverkope verslag is dat die weeklikse uitvoere min of meer in lyn behoort te wees met verlede week se uitvoere. In Frankryk is die koring se produksietoestande effens laer aangepas as verlede week se produksietoestande, maar dit is egter st eeds goed bo die 80% gemiddeld in 'n goed tot uitstekende toestand. Frankryk het ook aangekondig dat hul uitvoere vir die seisoen laer behoort te wees as gevolg van die groot kompetisie in die internasi onale markte. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister meestal laer verhandel in al die kontrak maande wat tans gelys is. Die weeklikse produsente lewerings is gister op 139 359 ton gerapporteer gewees en die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 907 855 ton wat ongeveer 57% van die oesskatting is.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt/ Vir navrae, kontak: Luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

